WEEK 18 - HERHALINGS VAN BERIGTE/INLIGTING IN 'N VORIGE VRYPOS

NUUS UIT DIE SINODE

BEDIENINGSBEGELEIDING bied aan:

Spesiaal vir alle leraars - VBO-Week 2018 - "Uitroep tot God...!":

'n Uitnodiging word aan alle leraars (al die sinodes), asook enige ander belangstellendes gerig, om hierdie VBO-Week **vanaf 2 - 5 September 2018, te Woodland Hills Gemeenskapskerk, in Bloemfontein** by te woon (dit vervang die Winterweek). **Klik op die biljet** regs vir 'n groter weergawe met al die **inligting, sowel as die volledige program**, daarop. Die inskrywingsvorm kan **hier** gevind word, stuur dit na voltooiing per e-pos aan **daf@ngkvs.co.za** - die **sluitingsdatum vir inskrywings is Vrydag 17 Augustus 2018** (bankbesonderhede vir inbetalings kom op hierdie vorm voor). Indien verblyf 'n probleem sou wees, die lidmate van Woodland Hills bied gratis huisvesting aan, die inskrywingsvorm bied 'n opsie waarop jy jou keuse kan aandui.

ALGEMEEN

Versoek: Liturgiese Voorstelle en Formuliere

Daar behoort altyd 'n kreatiewe spanning tussen wortels en vlerke (betroubare weë en nuwe moontlikhede) te wees… ook in oorgangstye. Die NG Kerk bevind haarself midde in 'n gekose kultuurskuif na 'n missionale kerk. 'n Ryke verskeidenheid gebede, belydenisse, simbole, rituele, formuliere en ander liturgiese elemente is in omloop. Neem gerus kennis van die "Gebedeboek met liturgiese voorselle" wat in 2002 uitgegee is (hierby aangeheg). Die Algemene Sinode se "Missionale Kerkwees - Erediens en Liturgie", onderneem om 'n dokument getiteld "Liturgiese Voorstelle vir 'n Missionale Kerk" saam te stel om in eredienste te benut. Die formaat vir "Liturgiese Voorstelle vir 'n Missionale Kerk" is:



*** Vier bewegings in die Erediens:**
- God versamel ons
- Diens van die Woord
- Diens van die Tafel
- Uitsending

*** Inleidend tot elke beweging:**
- Wat behoort 'n missionale gemeente AF te leer?
- Wat behoort 'n missionale gemeente AAN te leer?

Versoek: ***Stuur asseblief bydraes van liturgiese voorstelle en formuliere wat in missionale eredienste benut kan word teen Dinsdag 31 Julie 2018 na:*** Suzanne van der Merwe by **suzannekleynhans@gmail.com**

Bydraes sal deur die samestellers (Barnard Steyn, Suzanne van der Merwe, Dieter de Bruin en Tertius Erasmus) oorweeg en bygewerk word.

VBO - WERKSWINKELS / KURSUSSE

Werkswinkel - *Traumatic Incident Reduction*: Kom leer uiters bruikbare tegnieke om jou te help in berading en lewensbegeleiding, veral met die fokus op die hantering van trauma. Die kursus is deel van *Applied Metapsychology International* se materiaal. Dit vind **vanaf 25 - 28 Junie 2018** by die NG Gemeente Wesselsbron plaas. Die volgende punte kan verwerf word deur dié kursus by te woon: VBO = 20, CPD = 28 en SACSSP = 16.

Koste beloop R4 750pp (sluit middagetes, verversings en materiaal in) en die aanbieders is Yvonne Retief (**http://yvonneretief.weebly.com**) en ds Petri Coetzee. Kontak ook vir ds Petri by 084 207 3508, of **p3coetzee@icloud.com,** vir verdere inligting, asook die inskrywingsvorm.

Getuienisse van persone wat reeds kursus bygewoon het:

Hierdie kursus het my bekeer van allerhande ander tegnieke wat nie regtig help en die probleem aanspreek nie.

Vir die eerste keer voel dit of ek regtig mense kan help as Predikant.

Ek het geleer, trauma is die wortel van baie gedragsprobleme in ons lidmate en nou kan ek hulle help!

My hele pastorale aanslag het verander. Ek is so opgewonde om meer te kan doen as net 'n Bybelvers te gee en bid.

As maatskaplikewerker is dit die tegniek wat ek seker die meeste gebruik om stukkende mense op te tel.

As sielkundige gebruik ek net TIR vir ongeveer 85% van die gevalle waarmee ek werk.

Brugbedieningskursus: 'n Premierkursus, aangebied deur die Sentrum vir Kontekstuele Bediening by die Universiteit van Pretoria. Hierdie kursus word op twee geleenthede aangebied, die **week van 20 - 23 Augustus 2018** en **5 - 8 November 2018**. Die kursusleier by dié geleenthede is prof Malan Nel. Koste beloop R2 200 (BTW ingesluit) en sal by die UP aangebied word, 70 VBO-punte kan vir die bywoning daarvan, verdien word. **Die doel hiervan:** Wanneer 'n predikant 'n gemeente verlaat, laat dit so 'n gemeente in 'n tyd van onsekerheid. Die pad vorentoe is onseker totdat 'n nuwe permanente bediening weer in plek is. Hierdie kursus poog om Brugpredikante op te lei vir die fasilitering tydens hierdie oorgangsperiode en tot voordeel van die gemeente. Belangstellendes kan vir Hesmarie Bosman kontak op 012 420 4952.